

Almal in die kamp moet rein wees (OP37)

Num 5:1-15, 29-31

25 April 2021

In ons oordenking van Numeri het ons tot dusver die volgende gesien: Ons het geleer dat die inhoud van die boek voorbeelde en waarskuwings bevat vir ons wat in die laaste dae leef. Ons het al heelwat geleer oor die Verbondsgod: Ons het al gesien hoe Hy werk. Ons het al gesien dat Sy woonplek, die tabernakel, die middelpunt is van die kamp van die volk, en ook die middelpunt van die optog wanneer die volk trek. Gevolglik is Hy die fokus. Ons het al gesien dat Hy absoluut heilig is, en Sy heiligheid beskerm. Verder het ons al geleer dat die volk twee areas het waarop hulle moet fokus: Enersyds moet hulle fokus op hulle aanbidding van die Verbondsgod deur die priesters en Leviete, en andersyds moet hulle toetree tot die komende stryd om die beloofde land in te neem. Ons as gelowiges het ook hierdie twee fokusareas: Ons moet God aanbid (onthou ons is nou die priesters), en ons moet medewerkers wees in die stryd vir die realisering van God se koninkryk.

Vandag kyk ons na hoofstuk 5. Ewe skielik is die inhoud wat ons hier lees heelwat anders. Ja, die volk is steeds by Sinai – onthou dit is eers in Num 10 dat hulle van Sinai af vertrek. Maar nou word hier ietwat onverwags 'n aantal wetlike voorskrifte vir ons beskryf. Nie net is dit 'n onverwagse wending nie, maar dit is verder ook so dat as jy in detail wil lees oor die wette wat God destyds vir die volk gegee het, dan blaai jy tipies na die boek Levitikus toe – daar word dit in baie meer detail beskryf. Jy sal tipies nie na Numeri toe blaai nie. Hoekom word hierdie paar voorskrifte juis hier beskryf? In hoofstuk 5 het ons drie voorskrifte wat beskryf word: die verwydering van onreines uit die kamp, die herstelproses wat gevolg moet word as 'n medevolksgenoot benadeel is, en die (vreemde) prosedure wat gevolg moet word as 'n man agterdoctig is oor die moontlikheid dat sy vrou 'n verhouding met 'n ander man het – hoekom nou juis hierdie drie voorskrifte?

Ek hoop om dit vandag duidelik te maak. Ons gaan na die eerste voorskrif in bietjie meer detail kyk, daarna in minder detail na die tweede, en in nog minder detail na die derde, waarna ek hoop om die hele prentjie van die hoofstuk bymekaar te trek.

Stuur die onreines uit die kamp (Num 5:1-4)

In elkeen van hierdie drie voorskrifte is dit duidelik dat die opdrag hiervoor direk van die Here af kom. In hierdie eerste geval is die opdrag dat hulle onrein persone uit die kamp moet stuur. Daar word drie groepe mense beskryf wat a.g.v. hulle onreinheid uit die kamp gestuur moet word: (1) die wat 'n ernstige velsiekte het – sommige vertalings (bv die OAV) verwys spesifiek na melaatsheid, maar dit is meer waarskynlik dat dit breër gesien moet word as 'n verskeidenheid van moontlike velsiektes (2) die wat aan 'n vloeiing ly – die NAV het dit vertaal met geslagsiekte – maar alhoewel dit waarskynlik primêr 'n seksuele tipe vloeiing in gedagte het, kan dit ook moontlik weier strek (3) die wat onrein is omdat hulle aan 'n lyk geraak het. Let ook op: die opdrag is spesifiek dat al sulke mense, of elkeen wat in een van hierdie groepe val, uit die kamp gestuur moet word. Let ook op: dit sluit mans sowel as vrouens in – geen onderskeid tussen mans en vrouens nie.

Die motivering vir hierdie opdrag word in vers 3 gegee: “sodat hulle nie die kamp waarin Ek onder hulle woon, verontreinig nie”. Ons het gesien dat die tabernakel in die middel van die kamp was, en ook dat God heilig is, en daarom maak hierdie opdrag dat enigiemand wat onrein is uit die kamp weggestuur moet word, sin. Jy kan ook na Lev 13-15 blaai om baie meer detail oor hierdie voorskrifte te lees.

Kom ons dink nou hieroor: Is dit nie onnodig hard dat die Here hier beveel om hierdie mense uit die kamp te stuur nie? Is dit nou nodig dat iemand wat siek is, uit die kamp gestuur moet word om die tabernakel te beskerm? Heelwaarskynlik het iemand aan 'n lyk geraak wanneer een van sy dierbares gesterf het, is dit nou nodig om by die hartseer nog boonop te eis dat die persoon uit die kamp moet gaan? Verder, as jy na die Nuwe Testament blaai, lees ons die volgende: In Mark 1:40-43 lees ons dat 'n melaatse man na Jesus toe gekom het en gevra het dat Jesus hom gesond moet maak. En dan lees ons dat Jesus aan hom gevat het, en hom gesond gemaak het! Of in Luk 8:43 ev lees ons van die vrou wat al vir 12 jaar aan bloedvloeiing gely het. En dan word sy gesond as sy aan die soom van Jesus se klere raak, en daar krag van Jesus af uitvloei. Of in Luk 7:11 ev waar Jesus die weduwe van Nain se dooie seuntjie opwek, nadat Hy aan die draagbaar geraak het. Jesus het Hom nie afgesonder van hierdie mense nie, trouens Hy het fisiese kontak met hierdie mense gehad – hoekom moes hulle dan destyds uit die kamp gestuur word?

Wel, die antwoord is weereens: Numeri is 'n voorbeeld en waarskuwing vir ons! Wat ons in hierdie opdrag het, is 'n voorbeeld en waarskuwing aan ons van hoe nou verwant God se oordeel en genade is. Onthou, God is absoluut heilig, en Hy beskerm Sy heiligheid ten volle. In hierdie opdrag dat die onreines uit die kamp gestuur moet word is daar genade – want enersyds voorkom dit dat die onreinheid versprei, dit voorkom dat die velsiektes of vloeiing verder in die kamp versprei, dit voorkom dat die potensiële gevaar van 'n dooie liggaam wat besig is om te ontbind, die hele kamp bedreig. Andersyds, indien die onreinheid wel in die kamp sou versprei, sou God moes optree om Sy heiligheid te beskerm: Hy sou moes oordeel deurdat Hy die onrein persoon straf. Of, in die ekstreme geval, sou Hy uit die kamp moes vertrek omdat die kamp onrein is. Ja, dit lyk ongenadig om die onrein persone uit te stuur, maar in wese is dit genade om verdere en meer drastiese oordeel, te voorkom.

Die feit dat Jesus persoonlike bemoeienis maak met melaatses, die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, en selfs met dooies, is 'n aanduiding dat ons bietjie dieper in die Nuwe Testament moet graawe om te verstaan watter onreinheid ons voor versigtig moet wees, en uit ons midde, d.w.s. die midde van die gemeente moet stuur. Kom ons kyk na 'n paar gedeeltes in die Nuwe Testament:

- 1 Kor 5:1-2 – Hier word verwys na die geval waar daar 'n verhouding was tussen 'n man en sy stiefma. Paulus sê die verantwoordelike ding om te doen in so 'n situasie is om die man uit die gemeente te verwyder – hy is onrein. Maar let ook op die genade in die oordeel: Hy moet uit die gemeente verwyder word, sodat hy die erns van die situasie kan verstaan, hom kan bekeer, en sy gees gered kan word.
- 2 Tess 3:14 – “En as iemand nie ons bevele nakom nie, sonder dan daardie man af en vermy hom, sodat hy kan skaam kry. Moet hom egter nie soos 'n vyand behandel nie, maar wys hom tereg soos 'n broer.” Weereens oordeel, en genade.
- Titus 3:10 – “Met iemand wat na twee vermanings nog skeuring veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie, omdat jy weet dat so 'n man op die verkeerde pad is. Deur sy sonde bring hy die oordeel oor hom self”
- 2 Kor 6:14-18 – Hier is 'n direkte opdrag dat gelowiges hulle van die onreinheid van ongelowiges moet afsonder, want ons is die tempel van die lewende God.

Soos wat die volk in die Ou Testament mense wat onrein was, uit hulle midde moes verwyder, so moet ons as die gelowiges, die kerk, toesien dat die ongelowiges uit ons midde verwyder word. Dit mag ongenadig en selfs veroordelend klink – maar dit is juis genade: Dit is genade in die sin dat dit die ander gelowiges beskerm deurdat hulle nie aansteek by die onreinheid nie. Dit is genade in die sin dat God se heiligheid beskerm word. Dit is genade dat dit voorkom dat God moet kom om die

gemeente te oordeel, of selfs in die ekstreme geval, uit hulle midde moet vertrek deurdat Hy hulle lampstaander van sy plek verwyder. Dit is genade omdat die onrein ongelowige gekonfronteer word, en hy die geleentheid gegun word om hom te bekeer.

En boonop: Jesus het juis gekom om melaatses gesond te maak, die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, te genees, en om dooies op te wek. Daar is 'n manier vir onreines om rein te word – dit is deurdat hulle in Jesus rein gemaak moet word. Daarna mag hulle weer deel word van die gemeente, soos wat die onreines na hulle periode van onreinheid weer in die kamp mog kom. Dis hoekom Paulus sê ons moet hierdie mense nie as vyande sien nie. Ons moet hulle sien as iemand wat gekonfronteer moet word sodat hulle hulle kan bekeer.

Ons moet ook nie die volgende punt mis nie: Die heiligheid van God, en die reinheid van die volk/gemeente, is 'n hoër prioriteit as die gevoelens van 'n individu wat die heiligheid van God en die reinheid van die gemeente bedreig. God maak nie kompromieë met enige mens nie. Die kerk van ons dag moet ernstig besin of hulle nog bereid is om op te staan om die heiligheid van God en die reinheid van die gemeente te beskerm. Of duld hulle dalk dat elkeen God in hulle midde maar kan aanbid soos wat hy/sy goed dink, selfs al is dit strydig met God se voorskrifte? Hoekom is daar so min sprake van formele tug, of selfs net ernstige persoonlike vermanings, in die kerk?

Herstel benadeeldes (Num 5:5-10)

Weereens is dit duidelik dat hierdie opdrag ook direk deur die Here gegee is. Netsoos in die eerste voorskrif is dit hier ook duidelik dat beide mans en vrouens ingesluit is in hierdie voorskrif.

Die fokus van hierdie voorskrif is dat die Here duidelik maak wat gedoen moet word wanneer iemand 'n medemens benadeel het. Dit blyk dat dit hier handel oor gevalle waar iemand 'n medemens benadeel het deur hom/haar materiële skade te berokken. Om meer detail te verkry, lees Lev 6:1-7. Verskeie situasies is hierby ingesluit: Dit mag wees dat iemand vir sy medemens van sy goed in bewaring moet hou, of hy leen die goed van sy medemens. Nou mag dit wees dat in die proses die persoon sy medemens beroof. Miskien gee hy die goed net nooit terug nie, of hy doen sy medemens tekort deur net gedeeltelik terug te gee. Of dit kan wees dat die goed wat hy geleen of opgepas het, weggaak. En dan later vind hy dit weer. Of dit kan wees dat hy sy medemens bedrieg. Dit gaan dus daaroor dat iemand sy medemens benadeel het, hetsy deur agtelosigheid of selfs doelbewus.

Wat belangrik is om raak te sien, is dat hierdie persoon nie net teen sy medemens gesondig het nie, hy is ook skuldig teenoor die Here (vers 6, Lev 6:2). Onthou, die goed waarvan hier ter sprake is, is deur die Here aan sy medemens gegee. Deurdat die persoon dit vir homself toeëien of nie behoorlik oppas nie, gaan hy onverantwoordelik om met God se eiendom.

Die opdrag is nou dat wanneer hierdie situasie aan die lig kom, moet dit hanteer word. Lev 6:5 sê dit moet op die dag dat dit bekend word, hanteer word. Num 5:7 verduidelik die manier waarop die saak hanteer moet word. Daar is twee aspekte:

- Hy moet sy sonde bely. Siende dat die sonde teen beide God en sy naaste gepleeg is, beteken dit dat sy belydenis ook teenoor beide God en sy naaste gedoen moet word. Dit is belangrik om te verstaan dat sondebelydenis meer is as net erkenning dat iets verkeerd plaasgevind het. Sy sondebelydenis moet wees dat hy erken hy het verkeerd opgetree. Hy moet dus verantwoordelikheid neem vir die verkeerde ding wat gebeur het. Dink aan Adam en Eva na die sondeval – albei het erken dat wat gebeur het, verkeerd was. Maar Adam het nie skuld erken nie, hy het Eva beskuldig. Eva het ook nie skuld erken nie, sy het die slang

beskuldig. Nee, ware sondebelydenis beteken dat die oortreder erken dat hy verkeerd opgetree het, en dat hy die skuldige party is wat daarvoor verantwoordelik is.

- Hy moet ook die saak regstel (Engels: restitution). Eerstens moet hy aan sy medemens wat tekort gedoen is, terugbetaal wat hy hom skuld – plus 20%. Tweedens, omdat hy ook teen God gesondig het, moet hy 'n ram vir die priester gee wat vir hom versoening moet doen. Nou is dit so dat dit nie altyd moontlik is om die saak reg te stel nie. Wanneer die sonde rakende materiële dinge was, kan dit gewoonlik reggestel word deur te betaal. Maar die sonde kan byvoorbeeld wees dat die persoon die naam van sy medemens oneer aangedoen het. Dit is nie altyd maklik of selfs moontlik om dit reg te stel nie. Maar sover as moontlik, moet die saak reggestel word.

Ons vind soortgelyke beginsels in die Nuwe Testament:

- Mat 5:23-24 – “As jy jou gawe na die altaar toe bring, en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe”
- Luk 19:8 – Saggeus het onderneem om waar hy iets van iemand afgepers het, dit vierdubbel terug te gee.

Agterdog (Num 5:11-31)

Die derde voorskrif kom ook direk van God af. In hierdie geval handel dit oor 'n getroude man wat agterdogtig is oor die vraag of sy vrou dalk 'n verhouding met 'n ander man het. Natuurlik is dit God se wil dat elke man sy eie vrou moet hê. Dit is ook so dat as sy vrou skuldig was daaraan dat sy gemeenskap met 'n ander man gehad het, moet sy en daardie man doodgemaak word (Lev 20:10). Maar die situasie wat hier geskets word, is dat die man nie seker is dat sy so 'n verhouding het nie. Hy vermoed dit, maar sy is nie fisies betrap dat sy so 'n verhouding het nie en daar is geen getuie wat kan bevestig dat sy in so 'n verhouding is nie. Die gevolg is dat hierdie man agterdogtig is oor sy vrou. 'n Huweliksverhouding tussen 'n man en sy vrou is 'n verhouding wat op vertrouwe gebou behoort te wees, maar hierdie man is agterdogtig. Dit is nie goed nie, en die gedeelte beskryf dus wat gedoen moet word om hierdie agterdog aan te spreek.

Ek gaan dit nie in detail behandel nie – daar is baie geskryf hieroor. Daar is 'n hele prosedure wat hulle moet volg: Die vrou word voor die priester, en dus voor God gebring. Daar word aan haar verduidelik dat as sy skuldig is, kan sy verwag dat 'n vloek haar sal tref. Sy moet getuig dat sy verstaan. Dan moet sy water met stof van die tabernakel se vloer drink, en 'n offer word gebring. Die essensie van die prosedure is dat die Here ingeroep word as getuie in die afwesigheid van ander getuies. As die vrou skuldig is, kan sy verwag om kinderloos te bly, maar as sy onskuldig is, sal haar onskuld bewys word deur die feit dat sy kinders sal baar. En sodoende word die agterdog van die man aangespreek: hy kry die versekering dat sy vrou of skuldig of onskuldig is (Num 5:29-30).

Daar kan baie vrae gevra word oor hierdie voorskrif, veral in 'n tyd waar gelykheid van vroue baie aktueel is. Ek wil nie daarop ingaan nie – bloot omdat ek nie oortuig is dat dit is die fokus van die gedeelte nie. God se opdrag oor die huwelik is duidelik: die man is die hoof van die vrou. En God verwag van beide die man en die vrou om getrou met hulle lewensmaat binne die huwelik te leef. Wat hier aangespreek word, is 'n situasie waar 'n man nie oortuig is van sy vrou se getrouheid nie.

Volgens my is die fokus van die gedeelte die feit dat die man agterdogtig was, en net nie kon uitvind of hy rede het om te wees of nie. Maar die agterdog hou hom besig – dit is tog hoe agterdog werk. Ek glo ons kan almal verstaan dat as iemand in so 'n situasie is, neem dit al jou aandag inbeslag – dit is al waaroor jy dink, en jy soek die heelyd na bewyse om jou een of ander kant toe te oortuig. Die

voorskrif van die Here is, as jy in so 'n situasie is: Bring dit na die Here toe dat Hy die saak beslis – sodat jou agterdog tot rus kan kom.

Samevatting

Kom ons vat nou hierdie drie voorskrifte wat die Here vir die volk gee, saam:

- Alle onrein persone moet uit die kamp verwyder word – hetsy die onreinheid deur 'n velsiekte, vloeiing of die aanraking van 'n lyk veroorsaak is
- Alle gevalle waar 'n medemens benadeel is, moet reggestel word deur sondebelydenis en herstel/restitusie van die skade
- Gevalle van agterdog waar daar nie bewyse is om die saak op te los nie, moet voor die Here gebring word om uitsluitel te gee en so die agterdog te verwyder.

Kom ons dink nou: Hoekom het God juis hierdie drie voorskrifte op hierdie stadium gegee? Onthou nou wat ons geleer het uit Numeri tot hiertoe: Die Here, die Verbondsgod, woon onder die volk – in die middel van die kamp, en in die middel van die optog as hulle trek. Boonop is Hy die Heilige God. Die volk daarenteen het twee areas waarop hulle moet fokus: Hulle moet God aanbid, en hulle moet uittrek en deelneem aan die stryd om die beloofde land in te neem.

Hierdie drie voorskrifte rus juis die volk toe vir hierdie situasie:

- Die feit dat onrein persone die kamp moet verlaat, sal tot gevolg hê dat onreinheid nie in die kamp versprei nie, en veral nie dat dit die tabernakel bereik nie. Dit sal dus voorkom dat God moet oordeel, of selfs die kamp verlaat.
- Die feit dat belydenis gedoen moet word van enige sonde waardeur 'n medevolksgenoot benadeel is en dat die skade herstel word, sal voorkom dat daar onderlinge spanning tussen die lede van die volk is, en natuurlik ook tussen die volk en God. Dit beteken die volk kan nou gesamentlik fokus op hulle twee take: aanbidding van God en toetrede tot die stryd om die beloofde land.
- Die feit dat agterdog wat enige individu in die kamp se aandag in beslag kan neem, aangespreek moet word deur dit voor die Here te bring, sal voorkom dat daardie individu se persoonlike aandag en toewyding nie by die aanbidding van God en die stryd om die beloofde land sal wees nie.

Suksesvolle implementering van hierdie drie voorskrifte voorkom dat onrein persone die kamp bedreig, en dat onderlinge spanning en persoonlike agterdog die aandag aftrek van aanbidding van die Heilige God en die stryd om die beloofde land.

Dieselfde geld vir ons as gelowiges in die kerk: Die kerk moet onrein ongelowiges uit sy midde verwyder, want dit bring die gevaar dat die ongeloof in die gemeente versprei, en God se straf oor die gemeente bring, of selfs dat God die gemeente kan verwyder. Onderlinge spanning tussen gemeentelede moet hanteer word sodra dit aan die lig kom, want dit bedreig die fokus van die gemeente. Individuele agterdog moet aangespreek word deur dit voor God te bring, want dit trek die individu se aandag af van die twee take wat verrig moet word: aanbid God, en stry vir die koninkryk van God!

Mag God ons hiertoe help.